KAMMANUUS
'n publikasie van onsdorp.com
Nommer 293 8 November 2010

TOULEIER

'Maak die beste van waar jy is'

Hallo julle,
Na aanleiding van laas week se laslappie oor die boek TINCTURE, wil ek graag die reaksie van een van ons leseresse vandag hier plaas.
Sy skryf:

Weet jy Hennie, as ek in jou posisie was, wat klaar ander alternatiewe het met werk en verblyf, dink ek soms dat ek net daar sou bly.
Jy is uiteindelik ontslae van elkeen se gekraai en gesanik op sy eie mishoop oor onse SA. Al bekommer jy jou seker nog steeds net soveel oor jou geliefdes wat nog hier is.

Om egter by daai punt van weggaan te kom, vat baie. Baie wou graag weggaan. Baie is net tydelik weg en moet weer terugkom.
Vir baie is daar nie 'n ander opsie as SA nie. Sommiges wil nie 'n ander opsie hê nie.
Die feit bly staan, as jy daar is, maak die beste van wat jy daar het, en hanteer die verlange ens..
As jy wel hier in Duskantland is, hanteer HIER ten beste, en hanteer die verlang na die groener weivelde anderkant...

Soms dink ek jy, met Onsdorp, is 'n baie beter alternatief vir die lesers. Omdat jy beide groepe help om die VERLANGE aspek te hanteer.
Mens kan nie ander help met hul dag tot dag bestaan nie. Elk moet daai punt self bereik en hanteer met sy eie mate van volwassenheid en insig. Mens kan nog troos, moreel ondersteun, raad gee. As jy egter omdraai en wegstap moet daai ou steeds alleen in sy kop en in sy huis ingaan en "cope".

Dalk moet ons ophou met hierdie politiek oor SA, daar is klaar soveel webwerwe hieroor. Dis soms net te neerdrukkend en negatief en maak net almal al hoe meer bedonderd en moeg. Almal weet hierdie goed, almal leef met hierdie goed, almal is bekommerd, maar niemand het werklik 'n oplossing nie. So wat is die sin daarin om almal net meer depressief te maak met boeke en onderwerpe soos die van Tincture*?*

Ek mag verkeerd wees, ek mag dalk tipies vrou/blond/klankbord/aanhitser/opkikker/ondersteuner/ swak/filosofies/ morbied/ temperamenteel/ingelig/passievol/rebels/vol opinies wees hieroor, maar ek wil al hoe meer wonder:
Kom ons maak/hou ONSDORP 'n lig baken van hoop, positiwiteit, en humor. Dalk moet ons reageer met volstruis-politiek en die ouens laat fokus op die goue randjies?

Ons almal voel basies dieselfde. Almal verbaliseer dit net anders. Maar meeste vrouens sit met mans en seuns wat al reeds meer aggressief en rassisties raak. Veral as moord en seerkry al nader kruip en behalwe dat dit jou bang maak, maak dit jou baie ander dinge ook...(my pa is vermoor onthou.)

Ek verkies egter om in God se Albeskikking vas te hou, (party sal sê dis bloot fatalisties), en ook om my oupa te glo toe hy geseg het, moenie die bobbejaan agter die berg loop haal nie, dalk loop hy anderkant verby!

Ek verkies om eerder OP DAARDIE OOMBLIK te reageer wanneer die bobbejaan voor my staan... dis maar wat die Voortrekkervroue ook moes doen, hulle was daar toe dit nodig was, die res van die tyd was hul gereed of amper gereed.
R.K.

Nou vra ek die res van die lesers, wat dink julle van hierdie brief?
Skryf vir my by pos@onsdorp.com

Ek het intussen ook 'n poslys geskep waarby jy kan aansluit indien jy belang sou stel om soos ek, ook die boek 'Tincture' aan te skaf. Stuur 'n leë e-pos aan: tinktuur@getresponse.com en ek vertel jou hoe.

Genoeg nou eers van al die suurbekgoed, kom ons val weg met jou gewone dosis van lagspierprikkels.

Hennie en Annabelle Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Allegaartjie

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In DEVON, Texas, is dit teen die wet om meubels te maak as jy nakend is.

In BOZEMAN, Montana, verbied die wet enige seksuele aktiwiteite in die voorplaas van 'n huis ná sononder.

In SUID-CAROLINA mag jy jou vrou nie op die trappe van die hof slaan as dit Sondag is nie.

In TENNESEE oortree jy die wet as jy slaap wanneer jy bestuur.

Vrouebestuurders 2009: SILWERMEDALJE

Volgende keer: Die goue medalje!

Lelike sêgoed

Georges Clemencau (1841-1920), Franse staatsman:
"Amerika is al land in die geskiedenis wat wonderbaarlik reguit van barbarisme tot agteruitgang gegaan het sonder die gewone tussenperiode van beskawing."

Sir Noel Coward (1899-1973) oor 'n kort mannetjie:
"Sy probleem is dat hy kort is. Moet nooit iemand met kort bene vertrou nie - sy brein sit te naby aan sy blaker."

Lekker in die Reënboogland

Jy weet jy is in die Nuwe SA wanneer:

☐ SAUK-TV 'n program adverteer waarna jy so pas gekyk het.

☐ Jy weet wat Rooibostee is, al het jy dit nog nooit gedrink nie.

☐ Jy 'n R100-noot pleks van jou rybewys aanbied as 'n spietkop jou stop.

☐ Meer wit mense in realiteits-TV stem as in die verkiesing.

☐ Mense die wonderlikste name het, soos Blessing, Brilliant, Gift, Innocent en selfs Matric Exampsion.

☐ Nou-nou enigiets van 'n minuut tot 'n uur of meer beteken.

PETOORSIE DOEN DIT WEER

Die kinders moes almal iets oor die naweek verkoop, en doen verslag.
Salome het koekies verkoop en R30 gemaak.
Hannie het tydskrifte verkoop en vir die mense vertel hoe goed dit is om te lees. Sy het R45 gemaak.

So gaan die juffrou op die ry af, totdat dit ten laaste Petoorsie se beurt word.
Hy stap kordaat vorentoe en sit R2,470 op die tafel neer.

Die juffrou is uiters verbaas. "Wat het jy verkoop?" vra sy.

Petoorsie: "Tandeborsels. Ek het koekies op 'n straathoek verniet weggegee. Almal se reaksie was dieselfde - hulle het gesê dit smaak na honde-poefies.
"Toe sê ek ja, dit ís honde-poefies - dè, koop 'n tande-borsel om die smaak uit jou mond te kry."

SELFOON-NAME

Die koms van selfone het tot 'n hele klomp nuwe name aanleiding gegee:

Network Madondo
Nokia Khumalo
Voicemail Ngobese
Simcard Makhathini
Scratchcard Mlaba
Talktime Luthuli
Airtime Zwelithini
Prepaid Zwane

KULULA-HUMOR

"In die geval van skielike drukverlies, sal 'n masker uit die plafon val. Hou op skree, gryp hom en plaas hom oor jou gesig. As jy kleuters by jou het, plaas eers jou eie masker oor jou gesig voordat jy hulle help. As jy meer as een kleuter by jou het, kies jou gunsteling."

Op 'n vlug met 'n baie "senior" bemanning sê die vlieënier: "Ons het ons vlughoogte bereik en gaan die kajuitliggies afskakel. Dis vir jou gerief, en sodat ons kelnerinne beter kan lyk."

Petronella

PRAAT PADLANGS

Sukkel julle ook met Absa en die sisi's by SARS?

Dit was net na vyf wat ek vanoggend uit die stad gery het. Die oggendson het net oor die toppe van die stad se hoë geboue uitgegloei. Die veld langs die pad was skoongewas ná die nag se donderstorm en die tarentale het mieliesade wat van die groot voertrokke val opgepik langs die pad. Die lewe was skoon en koel.

So vroegoggend kan 'n mens die mooi van hierdie land van ons behoorlik waardeer. Derik wat Sonja se nuutste liedjie oor die Sederberge op *Brekfis met Derik* speel. Dis so mooi liedjie dit gee jou trane in jou oë. Om te dink sy klink en lyk nog so goed OP 58. En asof dit nie genoeg nostalgie is nie, volg hy dit 'n paar minute later op met 'n lied van Dozie. Man, dit kook.

So goed soos die rugby verlede Saterdag tussen die Sharks en die Stormers. Patrick Lambie, jou doring! Dit was vir my opmerklik dat die Shark se kaptein nie die hand van Maria van Absa geskud het nie. Wonder die hele week al of dit iets met die uitlating oor die kwotastelsel te doen gehad het.
Hoe dit ook al sy, ek moet bieg , ek sit al 'n paar dae en wonder of ek nie Solidariteit se voorbeeld moet volg en my rekening na 'n ander bank moet skuif nie. Dis mos hoe dit in 'n demokrasie werk. As die politieke party wat die sweep klap nie na behore funksioneer nie, dan stem mens mos nie weer vir hom nie. Vat nou maar Obama se voorbeeld.

Ek is te bang om iets oor Twitter te noem, netnou maak die ANC se jeug(lieg)(a) ons ook toe. Wil darem graag sien of hulle ooit daai 13 ander Mal-emmas gaan vang. Of op die ergste kan ons dalk 'n skommeling vanuit onverwagte oorde ontvang. Ten spyte van al die goed deurdenkte politieke kommentaar wat ek nou die laaste week van monde vanuit Potch, Stellenbosch en Wits gehoor het, bly dit nog steeds vir my net 'n *desperate move* van 'n desperate man wat besef dinge binne sy party is buite beheer. Al wat dit beteken, is nog geld wat gemors gaan word op nuwe staats-motors, lekker duur partye, en nog 'n paar nuwe luukse huise op die belastingbetaler se rekening.

Van belasting gepraat. Wie het al ooit hulp gevra, en ontvang van die inbelsen-trum? Indien daar enige iemand is wat suksesvol was, laat weet ons aseblief. Dit sal voorwaar 'n eerste wees waarvan ek hoor. En glo my, ek het herhaalde kere probeer hulp kry. Iemand vertel hoe hy gebel het en na 'n paar pogings aan die dame aan die ander kant van die lyn gevra het om tog net beter te artikuleer sodat hy kan verstaan wat sy sê. Helaas, die hoë woord (in Engels, want almal in SA praat deesdae net Engels) het oor haar kop gewaai en geen hulp is ontvang nie.

Die eerste matriekvraestelle was al in KwaZulu op die mark te koop. Man, dis 'n lekker *joint* dié. Wie worrie nou oor 12 jaar skool toe gaan, 'n Wêreldsokker-toernooi en 'n staking - matriek koop ons op die swartmark en 'n werk kry ons want ons tante is die burgemeester van Pretoria. Ons vat sommer hare.

Dis Block en Ratte, Barbie en alle rande snaakse name wat nou aandag trek in die koerante oor die mees absurde stories waar jy aan kan dink. Ai, dis 'n interessante land hierdie van ons.

Die doringbome is geel in die blom, die jakarandas mooi pers en die wit stinkhout – hy stink darem nie. Ons oop die mense in Hartbeespoort drink voor Kersfees skoon water uit hul eie krane en die beurtkrag in die Vrystaat gee die boere kans om hul kuikens uitgebroei te kry. Intussen werk ons aan die verkiesing wat kom en bedink die dinge in ons land. Sela!

BAIE SLINKS

"Pleks van weer te trou, gaan ek sommer net 'n meisie kry van wie ek nie hou nie en vir haar 'n huis gee." - ROD STEWART

"Vroue soek 'n rede vir seks. Mans soek net 'n plek daarvoor."
- BILLY CRYSTAL

"Vroue kla oor PMS. Ek sien dit as die enigste tyd van die maand wanneer ek myself kan wees." - ROSEANNE

Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

Ongeluk se gat! Jy het nooit van my ma gehou nie!

SLIM GEDAGTES

►Daar is twee soorte voetgangers: Die vinniges en die dooies.

►Die lewe is seksueel oordraagbaar.

►Al wat gesondheid is, is die langste manier om dood te gaan.

►Ons kan almal 'n les uit die weer leer: Maak nie saak hoe jy dit kritiseer nie, hy steur hom nie aan kritiek nie.

►In die 1960's het mense dwelms gebruik om die wêreld snaaks te laat lyk. Nou is die wêreld vreemd, en gebruik hulle Prozac om hom normaal te laat lyk.

►Hoekom kan een vuurhoutjie 'n veldbrand begin, maar jy het 'n hele boksie nodig vir 'n braaivleisvuur?

DIT KOM NOG!

Meisie: "Wanneer ons getroud is, sal ek al jou probleme en bekommernisse met jou deel en jou vrag ligter maak."
Man: "Dis baie gaaf van jou, Liefie, maar ek het geen probleme en bekommernisse nie."
Meisie: "Ja, maar ons is nog nie getroud nie."

VROEGTYDIG

Meisie aan haar kêrel: "Een soen, en ek is vir altyd joune."
Kêrel: "Dankie vir die vroegtydige waarskuwing."

SIMPEL BAKKIE

Twee seuntjies spog met wie se pa se plaas die grootse is.
Danie: "As ons langs die lyndraad wil afry met die bakkie, moet ons al 5 uur opstaan en dan kom ons eers teen sononder by die eerste hoek-paal."
Gertjie dink so 'n bietjie, dan antwoord hy:
"Ons het ook al so 'n bakkie gehad."

VARS

Die vrou gaan vir haar jaarlikse ondersoek by die ginekoloog wie se spreekkamers bokant 'n bakkery geleë is.
Terwyl sy daar lê en die dokter besig is met sy ondersoek, kom die reuk van vars gebak deur die oop venster en sy vra:
"Dokter, maak die koekreuk jou nie mal nie?"

PROBEER DIT GERUS!

Skoonheid word nie gemeet aan ons uiterlike of die klere wat ons dra nie, maar hoe ons innerlike daar uitsien. Probeer dus gerus môre om nakend deur die strate te loop en hou dop vir die bewondering!

KERSGESKENK

Gamat koop vir sy meisie 'n vuurwerk-vuurpyl vir Krismis.
Meraai: "Is djy nou heeltemal simpel? Wat dink jy moet ek met 'n f*kk*n rocket maak?"
Gamat: "Djy kla mos altyd jy soek space. Vat die rocket en f*k*f!"

BESTE KEUSE

Daar is soveel opsies vir selfmoord. Gif, slaappille, ophang, spring van 'n brug, lê op die treinspore. Maar meeste mense verkies die huwelik - stadig en seker!

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

Wat ek in 'n man soek

Van Alida Regard (Nieu-Seeland)

☐Oorspronklike lys

1. Aantreklik.
2. Sjarmant.
3. Finansieel suksesvol.
4. 'n Gevoelvolle luisteraar.
5. Humoristies.
6. Fantastiese lyf.
7. Stylvol aantrek.
8. Klein dingetjies waardeer.
9. Vol verrassings.

☐Hersiene lys (ouderdom 32)

1. Soort van aantreklik.
2. Open motordeure, trek stoel uit.
3. Genoeg geld vir 'n romantiese ete.
4. Luister eerder as om te praat.
5. Lag vir my grappe.
6. Dra inkopiesakke gemaklik.
7. Besit een ordentlike das.
8. Waardeer 'n goeie tuisgemaakte maaltyd.
9. Onthou verjaardae en herdenkings.

☐Hersiene lys (ouderdom 42)

1. Nie te lelik nie.
2. Begin eers ry nadat ek in die motor sit.
3. Standvastige werk, trakteer my met uiteet.
4. Knik kop as ek praat.
5. Grappies onthou.
6. Genoeg krag om meubels rond te skuif.
7. Hemde dra wat die magie wegsteek.
8. Weet vonkelwyn met opskroefdoppies is taboe.
9. Onthou om die toiletsitplek af te slaan.
10. Skeer oor naweke.

☐Hersiene lys (ouderdom 52)

1. Knip neus- en oorhare.
2. Nie in die openbaar krap of winde opbreek nie.
3. Nie gereeld geld leen nie.
4. Nie aan die slaap raak terwyl ek stoom afblaas nie.
5. Nie dieselfde grap twee keer vertel nie.
6. Nog gemaklik van die bank opstaan oor naweke.
7. Bypassende sokkies en vars onderklere dra.
8. Aandete voor die kassie kan geniet.
9. So nou en dan my naam onthou.
10. Nou en dan skeer op naweke.

☐Hersiene lys (ouderdom 60)

1. Moenie klein kindertjies bangmaak nie.
2. Onthou waar die badkamer is.
3. Min geld vir oorlewing nodig.
4. Net saggies snork.
5. Onthou waaroor gelag word.
6. Self kan opstaan.
7. Gewoonlik klere dra.
8. Hou van sagte kosse.
9. Onthou waar hy sy tande gebêre het.
10. Onthou wanneer dit naweek is.

☐Hersiene lys (ouderdom 72)

1. Asemhaal.
2. Raak mik in die toilet.
3. Nou het ek vergeet...?

♫ OUTYDSE ♫ RYMPIES

Wie van julle het al van hierdie een gehoor? Dis 'n ou Griekwa-liedjie:

Anna Panna

Anna Panna koek en tert,
vat die besem, vee die herd,
vat die skop en tel dit op,
gooi dit in die vark se hok.
Anna Panna bosluisblad,
loop in die pad dat haar pote
so klap.

En hier is nog 'n paar Afrikaanse gediggies:

Die luiaard se wens

Ek wens dat aldag Sondag
was,
en kermis in die week,
dat eet en drink my ambag
was,
dan werk ek nooit 'n steek.

Die luiaard se almanak

Elke Maandag maak ek klaar
om Dinsdag te verjaar.
Woensdag is ek siek,
Donderdag werk ek niet.
Vrydag is dit Slamse kerk,
wie de drommel sal nou
Saterdag werk?
Sondag is dit weer kerk!

Die haastige moeder

Antjie my kind,
so gou as die wind.
Maandag getroud,
Dinsdag 'n kind,
Woensdag gedoop,
Donderdag laat loop,
Vrydag gespeen,
Saterdag weer een!

Lot is dood

Lot is dood, Lot is dood,
Jonas lê op sterwe.
Eintlik is dit baie goed,
dalk kry ons iets te erwe!

Kokkewiet

Kokkewiet, kokkewiet,
my vrou is siek
in die middel van die week
maar Sondag niet.
Gee ek haar boontjies
dan roer sy haar toontjies,
gee ek haar 'n ertjie
dan kwispel haar stertjie,
gee ek haar sop
dan skop sy agterop.

Die ou vrou in die skoen

Daar is 'n ou vrou,
sy woon in 'n skoen.
Sy het so baie kinders
sy weet nie wat om te doen.
Sy gee hulle sop
sonder botter of brood.
Dan kry elkeen 'n pak,
van klein tot groot.

Wie van julle ken nog sulke ou vergete liedjies en gediggies? Stuur aan!

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Uit die skatkis van ou resepte

Besoek gerus Retha se werf op
http://www.onsdorp.com/somaakmens/

LEIPOLDT, in DIE HUISGENOOT, 20 Januarie 1939: *Ons eerste Suid Afrikaanse kookboek was AG Hewitt se Cape Cooker, later het H I Duckitt se HILDA'S kookboeke verskyn. Ons eerste AFRIKAANSE gedrukte kookboek was die van mej Van Dijkman -1890- wat onder aansporing van SJ du Toit uitgegee is!*
Leipoldt, 'n kranige en avontuurlustige kok, se woordkuns en geregte dien altyd as wonderlike inspirasie!

My eerste avontuurlustige kook-pogings was of uniek inspirerend, of het hulp benodig, want my eksemplaar van KOOK EN GENIET het ek as jong kok, as geskenk ontvang met die wonderlike inskripsie voor in: *Aan Retha, Met Liefde, en die hartgrondige oortuiging dat hierdie boek jou eie oorspronklikheid pragtig sal ondersteun! Die Albertses.*

Uit my eie ARGIEF met sy SKATKIS van OU resepte, kom my nostalgiese hunkering om dit te laat herleef! Ek klassifiseer my 1895-1950 resepte, as die goue oues! Die daarna, as die moderne resepte! Ek gaan nou, telkens een van die ou skatte plaas en langsaan sy MODERNE eweknie!

Besluit self watter een jy verkies! Jou bydrae sal van onskatbare waarde wees, stuur jou oudstes gerus, met die datum -om en by- en vanwaar of van wie jy dit bekom het, aan my: rethajm@gmail.com

Pres. Paul Kruger het immers gesê: *Haal uit die verlede wat goed is, en bou jou toekoms daarop*!

Meringues

Mev. D. Cloete se resep van 1895, en die moderne weergawe, met erkenning aan wyle SJA de Villiers.

½ pond gesifte suiker 4 eierwitte	3 eierwitte 'n knippie sout 1 ml kremetart 250 ml strooisuiker 2.5 ml vanilla
Klop die witte tot stywe punte vorm, en met 'n houtlepel roer die suiker vinnig daarby in. Plaas die mengsel met 'n dessertlepel in ewe groot "eiers" op 'n dun houtplank, op 2 duim strokies bakpapier. As die dessertlepel telkens stadig omgekeer word vorm dit die eier-vorm. Hou die "eiers" 2 duim uitmekaar. Strooi bietjie gesifte suiker oor elkeen en bak in matige oond vir halfuur. Sodra dit begin verkleur, haal uit oond. Neem nou elke papierstrokie en keer dit versigtig om, met 'n teelepel, skep die sagter onderkante uit die meringues. Plaas nou die meringues terug in die oond om die anderkant ook liggies te droog en te verbruin. Soos benodig, vul nou elke meringue met geklopte room, vanielje en Van der Hum likeur. Dien keurig op.	Voorverhit oond tot 120 ºC Klits eierwitte met sout en kremetart styf maar nie droog nie. Voeg strooisuiker lepelsgewys by en voeg geursel by net voor laaste 2 lepels suiker. Voer 'n bakplaat met botterpapier uit. Vorm meringues met 'n lepel op die papier of gebruik 'n versiersak en versierbuis. Bak 50 minute tot 'n uur lank en lig van die papier met 'n slaplemmes.
Wenke: 1.Werk vinnig, kry dit gou in die oond voor die suiker smelt. 2. Hoe soeter, hoe brosser. 3. Dit kan gekleur word met cochineal 4. Hierdie hoeveelheid sal omtrent 2 dosyn lewer. Cochineal: Wit, wollerige plantluis op turksvyblaaie, wanneer stukkend gedruk bevat dit pienk-rooi kleurstof.	Wenke: 1. Voedselkleursel kan bygevoeg word. 2. As jy nie 'n versierspuit het nie, plaas mengsel in 'n plastieksakkie, sny die een hoekie oop, en druk die mengsel deur die hoekie in klein roset-vormpies op die bakplaat.

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom
Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

ALBERTYN amelia.f@telkomsa.net
Vader Coenraad Johannes Albertyn, geb. 26 Junie 1907. Sy ouers Coenraad Johanes Albertyn en Cornelia Johanna Elizabeth Albertyn gebore Steyn. Getroud te Hopefield in die Wes-Kaap.

BISSCHOFF gmcortok@gds.co.za
Ons gaan die Bisschoff-boek vroeg in volgende maand publiseer. Het hulp van 70% gekry, maar kort nog 30% se inligting. Enige persoon welkom om ons te kontak om seker te maak julle informasie is reg vir die tweede boek oor vyf jaar.

BURGER leonvn@tiscalico.za
In inligting oor die volgende familie sal baie waardeer word. Ons is nasate van Pieter Arnoldus Burger, geb. 9 Aug 1883, Standerton. Sterf 17 Mei 1965, Lydenburg. getroud met Agatha Catharina Clessina Parsons.
Hulle het die volgende kinders:
Roelof Jacobus Burger, CHP Burger, 3. Susanna Jacoba (Burger) Van Deventer, voorheen van Niekerk, C (Burger) Grové, 5. M (Burger) Pentz, Pieter Arnoldus Burger, sterf 17 Apr 1947, Shigaig, Khartoem (verongeluk).

CRONJE rethajm@gmail.com
Soos jul weet het ons die SO MAAK MENS werfie as deel van Ons Dorp. Ek is dus optimisties op soek na ENIGE afstammeling, en/of direkte familie van JAN CRONJE wat saam met Esmé Euvrard die oorspronklike SO MAAK MENS op Springbokradio aangebied het. As jy een van hulle familie is, kontak my groot 'seblief!

HATTINGH lesijha@gmail.com
Ek wil baie graag meer inligting bekom oor die De Beers (dis nou aan my ma se kant) en Hattinghs (dis nou aan my man se kant). Die Bekker-stamboek het ek. My ma was Johannes de Beer 24/2/1924, oorl 29/4/1992 getroud met Francois Jacobs Bekker. My man en sy pa is albei Adam Barnard Hattingh 30/11/25, oorl. 23/10/1998.

Liewe Lena

My kêrel word volgende maand 23 en ek wil vir hom iets moois vir sy verjaardag koop. Waarvan dink jy sal hy hou?
Santie
Liewe Santie
Maak nie saak waarvan hy hou nie. Koop vir hom 'n das.

Uit die stuurkajuit

►Van 'n onbekende vliegtuig wat lank in die opstyg-tou staan:
"Ek is f----n verveeld!"
Grondbeheer: "Sal daardie vliegtuig hom onmiddellik identifiseer!"
Vliegtuig: "Ek het gesê ek is f----n verveeld, nie f----n onnosel nie!"

►Toring aan 'n 747: "United 347, jou verkeer is 'n Fokker, eenuur, drie myl oos."
United 347: "Lugbeheer, ek wou dit nog altyd sê: Ek sien die klein Fokker."

Maak jou laste ligter

Hier is goeie raad om die daaglikse lewenslaste draaglik te maak:

Aanvaar dat jy soms die duif is, en ander dae die standbeeld.

Hou altyd jou woorde geurig net vir ingeval jy dit eendag moet sluk.

Dra altyd iets wat jou goed sal laat lyk as jy daarin moet sterf.

As jy nie gaaf kan wees nie, hê dan ten minste die ordentlikheid om vaag te wees.

As jy iemand geld leen en daardie persoon nooit weer sien nie, was dit moontlik die moeite werd.

Moet nooit albei voete in jou mond druk nie, want dan het jy nie 'n been om op te staan nie!

Niemand gee om as jy nie goed kan dans nie, staan net op en dans!

Wanneer alles na jou toe aanstorm, is jy moontlik in die verkeerde baan.

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

'Tincture' is 'n slim boek

Chris van der Walt:

Ek reageer op jou Laslappie. Ek het *Tincture – Passing the Buck and Bucking the System* nog nie klaar gelees nie, maar die boek is op 'n op 'n slim manier saamgestel en die inhoud yslik goed nagevors. Groot krediet aan die twee skrywers.

Dis net jammer dat daar nog nie 'n joernalis van formaat na die boek verwys en kommentaar gelewer het nie. Die moontlike rede kan wees wees dat die huidige soustreinsirkus met sy hoogskompeterend narre daagliks die voorblaaie haal vir die verkeerde redes en baie min daarvan kan die meeste van ons skok.

Onthou nog die boek van Dirk Herman *Die Koning is Kaal.* Die indruk deur van die narre is geskep as of Herman nie die werklikheid verstaan nie, want hy was nie en is nie deel van die "struggle" nie.

So wat gesê en geskryf word oor die roofdier-optredes, is dat daar nou verstaan moet word dat te veel inligting bekend is, en die oplossing is indien die nuwe vasvat media wetgewing in plek is sal dit mos beter gaan want niks is bekend wat verkeerd gedoen is nie en so beweeg ons vinniger vorentoe.

Voor ek weer depressief raak oor al die narre se optredes in die groot sirkus en wat duidelik aanbeweeg na 'n roofstaat van ontplooide kaders weet ek dat daar nooit so effektiewe opposisie kan en sal wees soos die onderlinge verskille / bakleiery en selfs met tragiese lewens verlies onder die einste soustrein narre.

Alleen sal die opposisie die kans kan benut om inbeweeg wanneer die gevegte op sy hewigste sal wees, en ongelukkig kan dit nog lank neem .

AGTEROS

Gian en die fisant

"Mens kan 'n fisant heerlik gaarmaak in 'n *slow-cooker* en met sauerkraut en appelsous opdis."

Deur JO VAN TONDER

Vroegoggend, nog voor die kiewiete langbeen strek in die dounat aarbeiland, toe Gian nog snoesig en met flikkerwimpers deur droomland draal, is Oupa Frik al met die klein geweertjie af dammetjie se kant toe om die fisante te gaan verwilder.

Hulle verwoes net alles aan die vleikant van die land. Hy weet dat hulle die insekte, termiete, vlooie en slakke ook in toom hou, maar op hierdie stadium is die jong sagte groen uitlooplote van die stroopsoet aarbei-oes in die gedrang.

Ná 'n rukkie stilsit agter die doringbos, het hy 'n jongerige mannetjie uitgekyk. Die ander drie, vier fisante is tussen die grasse besig om goggas te soek. Maar die rooinek derduiwel het al met 'n leivoortjie se ry begin opstap

Hy stap met 'n slapnek rooikeelfisant terug huis toe, net toe die sonnetjie die eerste goue tinsel oor die grasperk voor die kombuis strooi. Mens kan 'n fisant heerlik gaarmaak in 'n *slow-cooker* en met sauerkraut en appelsous opdis. Dis ook lekker oondgebak, met roomkaas. Of gestowe met 'n takkie roosmaryn en sjerrie.

Hy sit die fisant op die houtbank in die tuin, naby die gereedskaphuisie, en gaan bêre die geweertjie en patrone.

Die kleingoed is al op. Kuier naweke graag by die oumense. Raak graag in die mik van Oupa se bruingebrande sterk arms aan die slaap. Ouma is in die kombuis doenig. Die geur van roosterbrood en spek hang in die lug. Sy maak die heerlikste eetgoed. Soos vrugtekoek. En dan is daar so 'n lekker aarbei-kaaskoekerige konkoksie wat altyd leeggelek teruggaan kombuis toe.

Gian treiter sy kleiner sussie met 'n hout- en kurkpropgeweertjie. Oupa roep hom.

"Gian, kom staan hier by die venster, kyk wat sien ek daar op die bankie..."

Hy klouter op die wasbak en strek sy sonbruin nekkie om by die kombuisvenster te

kan uitloer.

"Wat is dit Oupa?"

"Ek weet nie, kom ons gaan buitekant toe, dan gaan kyk ons bietjie nader."

Hulle sluip-bekruip nader. Fluister.

"Is dit 'n duif of 'n tarentaal, Oupa?"

"Nee, ek dink dis 'n fisant, kyk hy het so bietjie rooi om sy keel, en sy kolletjies is kleiner."

"'n Fisant, daai wat Oupa se plantjies uitskrop?"

"Ja, einste. Ek dink jy moet hom sommer skiet met jou geweer."

"Okei..."

Hy gaan staan mooi regop, geweertjie styf teen die skouer vasgedruk, lê selfversekerd aan, korrel roerloos en "pop!"

"Jy het hom!" sê Oupa, "Ek dink dit was 'n kolskoot, kom ons gaan kyk..."

Gian stap manhaftig soontoe, lig die nog louwarm lyfie met die dubbel omdopoë aan sy helder pote op. Die boerseunskouertjies word sommer nog 'n sentimeter breër.

"Vat die fisant vir Alpheus daar by die buitekamer, ek sien hy's ook al op, hy kan dit kook vir Sheba. En dan gaan was jy gou jou hande daar onder die kraan, my maag skree van die honger."

Kennetjie fier, geweer oor die skouer en hangfisant in die ander hand, stap hy trots na die kaja toe en oorhandig die geveerde trofee aan die dankbare handeklap-knieknik-ontvanger.

Ná brekfis sit hulle almal nog aan tafel. Oupa maak sy oggendkoffie tydsaam klaar. Hy kan sien die donkerkopkind met die skraal gesiggie is diepdenkend. Skewekoppie op die vuisie onder sy ken.

"Oupa, ek weet darem nie, ek het dit nou gesien, maar ek dink darem nie dat 'n mens rêrig iets met 'n speelgoedgeweertjie kan doodskiet nie..."

Oupa Frik sê hy het nogal gewonder hoe lank dit hierdie donkerkoppie met die skerp waarneming gaan vat om hierdie een uit te werk. Toe nie so lank nie.
"Nou, Gian, sê vir Oupa, wat dink jy dan, hoe het dit gebeur?"

Hy tel sy kop op, baie seker van homself. Die saak is uitgemaak. Hy kyk sy oupa vierkantig in die oë.

"Ek dink dit was *magic*, Oupa. Dit was *magic*!"

En nou moet julle weer twee weke
wag vir die volgende
KAMMANUUS